

# DIE TWEEDE BRIEF VAN JOHANNES

## Inleiding

In die aanhef van die brief word die skrywer nie by naam genoem nie, maar slegs as “die Oudste” bekendgestel. Hierdie benaming verwys waarskynlik na die apostel Johannes, wat op hoë ouderdom nog steeds werksaam was, as die laaste lewende apostel. Daarmee word aanvaar dat *Die Tweede Brief van Johannes*, net soos *1 Johannes*, waarskynlik in Efese geskryf is, waar Johannes nog tussen 85 en 95 nC gewoon en gewerk het.

Die brief is gerig aan “die uitverkore vrou en haar kinders” (vs 1). Hierdie benaming was klaarblyklik 'n verskuilde manier om na 'n plaaslike gemeente met sy lidmate te verwys. Daar word vermoed dat hierdie benaming genoodsaak is deur die vervolging van Christene in Klein-Asië tydens die bewind van keiser Domitianus.

*2 Johannes* is 'n kort briefie, wat die tipiese trekke van die eerste-eeuse briefstyl vertoon. Daarin word aan die gemeente raad gegee oor praktiese aangeleenthede, onder meer oor hoe hulle rondreisende predikers moet ontvang.

Soos in *1 Johannes*, kom die woorde “waarheid” en “liefde” by herhaling ook in *2 Johannes* voor. Met hierdie twee woorde beklemtoon die brief hoe gelowiges in liefde en in waarheid (vs 2) teenoor mekaar moet leef, en ook gasvry en met liefde teenoor reisende predikers moet optree. Valse predikers wat die waarheid oor Christus verdraai, behoort egter

nie so ontvang te word nie (vs 10-11), omdat ware liefde juis met gehoorsaamheid aan die waarheid gepaard gaan (vs 6).

Die boek kan soos volg ingedeel word:

1-3 Brieffaanhef

4-6 'n Lewe in waarheid en liefde

7-11 Waarskuwing teen dwaalleer

12-13 Mededelings en groete

## 1

<sup>1</sup> Die Oudste<sup>a</sup>

aan<sup>b</sup> die uitverkore vrou en haar kinders, wat ek in die waarheid liefhet\* — en nie net ek nie, maar ook almal wat die waarheid leer ken het — <sup>2</sup> op grond van die waarheid wat in ons bly en vir ewig met ons sal wees:

<sup>3</sup> Die genade, barmhartigheid en vrede van God, die Vader, en van Jesus •Christus, die Seun van die Vader, sal met ons wees — in waarheid en liefde.

### 'n Lewe in waarheid en liefde

<sup>4</sup> Ek was baie bly dat ek van jou kinders teengekom het wat die pad van waarheid loop,\* in ooreenstemming met 'n gebod wat ons van die Vader ontvang het. <sup>5</sup> En nou vra ek jou, vrou, nie as 'n nuwe gebod wat ek aan jou skryf nie, maar as een wat ons van die begin af gehad het,\* dat

---

<sup>a</sup>**1 Oudste:** 'n Liefdevolle, eerbiedige bynaam vir Johannes op sy oudag. Word ook vertaal met “ouderling”.

<sup>b</sup>**1 aan:** In die formele briefstyl soos deur die skrywer gebruik, ontbreek die werkwoord wat in die gedagte aangevul moet word, naamlik “skryf” aan.

\***1 ek ... liefhet:** 3 Joh vs 1

\***4 Ek ... loop:** 3 Joh vs 3

\***5 nie as ... gehad het:** 1 Joh 2:7; 2:24; 3:11

ons mekaar moet liefhê.\* <sup>6</sup> En dit is die liefde: dat ons volgens sy opdragte leef.\* Dit is die opdrag wat julle van die begin gehoor het: dat julle daarvolgens moet leef.

### Waarskuwing teen dwaalleer

<sup>7</sup> Want baie verleiers het in die wêreld na vore gekom\* — dié wat nie bely dat Jesus •Christus as mens gekom het nie. So iemand is die verleier en die Antichris.\* <sup>8</sup> Let daarop dat julle nie verloor wat ons deur harde werk verkry het nie, maar eerder 'n volle loon ontvang. <sup>9</sup> Elkeen wat nie by die leer van Christus bly nie, maar verder as dit wil gaan, het God nie; wie by die leer bly, so iemand het die Vader sowel as die Seun.\* <sup>10</sup> As iemand na julle kom en nie hierdie leer oordra nie, moet julle hom nie in julle huis ontvang nie\* en hom nie groet nie. <sup>11</sup> Want wie hom groet, het aandeel aan sy bose werke.

### Mededelings en groete

<sup>12</sup> Hoewel ek baie het om aan julle te skryf, wou ek dit nie met ink op papyrus<sup>c</sup> doen nie,\* maar ek hoop om na julle te kom en van aangesig tot aangesig te praat,\* sodat ons blydschap volkome kan wees.

<sup>13</sup> Die kinders van jou uitverkore suster groet jou.

---

\***5 ons ... liefhê:** Lev 19:18; Joh 13:34; 15:12,17; 1 Joh 3:11

\***6 dit is ... opdragte leef:** Joh 14:15,23-24; 1 Joh 5:3

\***7 baie ... na vore gekom:** Matt 7:15; 1 Joh 2:18; 4:1

\***7 dié ... Antichris:** 1 Joh 4:3

\***9 wie ... Seun:** 1 Joh 2:23; 4:15

\***10 As ... ontvang nie:** Rom 16:17; Ef 5:11; 2 Thess 3:6

<sup>c</sup>**12 papyrus:** Materiaal waarop destyds geskryf is.

\***12 Hoewel ... doen nie:** 3 Joh vs 13

\***12 van ... praat:** Num 12:8; 3 Joh vs 14